

25 Julie

Hosea 12:1-14:1

(Teks: 13:9)

Sonder Christus is God 'n verterende vuur

Dis nie so dat die hemel eendag vol goeie mense sal wees en die hel vol slegte mense nie. Israel is 'n voorbeeld. Hulle was die goeie mense van hulle tyd, die uitverkore volk van God, godsdienstige mense. Vir die soveelste keer word Israel aangekla dat hulle mense is wat 'n lewe van valsheid en bedrog lei terwyl hulle voorgee om vroom te wees.

Dieselfde God wat met hulle 'n verbond gesluit en 'n lang pad met hulle saamgeloop het gaan hulle nou vernietig. Dit is 'n historiese feit waarmee ons hier te doen het. Drie jaar na hierdie profesie is Israel totaal en al vernietig. Al wat oorgebly het was die Samaritane, 'n uitgestote, uitgebasterde nasie.

Ons vra hoe dit moontlik is? Wel, elkeen wat God net as 'n God van liefde sien, asof God net altyd sy oë toemaak vir verbondsverbrekers, loop met oop oë op 'n afgrond aan. God se oordeel is net so 'n groot werklikheid as sy liefde. Moenie alles altyd wil toesmeer met 'n Christelike sousie van 'Christus vergewe' nie. Daar is sondes en gesindhede wat God nie vergewe nie (Hebr. 10:28 ev).

Ons voorvaders het die skuld soos 'n aflosstok aan ons oorgegee en ons gaan steeds gebuk onder die las daarvan. Ons kan nie net goed lewe nie, maar God kan altyd vergewe. Daarom kan ons in sy Seun glo. Sondes wat nie met die bloed van Christus bedek is nie, is nie vergewe nie al doen ons hoeveel ander goeie dade.

Sing Psalm 139:9Ds. M.E. Schalekamp (Potchefstroom-Mooirivier)